**17 Junie**

Skrifgedeelte: Jesaja 38:1-8
Fokusgedeelte: Jesaja 38:8

# ’n Nuwe begin

Wie van ons sou nie graag die horlosie wou terugdraai na die goeie ou tyd nie? Maar nou kan daar aan al dié hunkering niks gedoen word nie! Tog wys God ons deur die gebeure by die sterfbed van koning Hiskia dat dit wel moontlik is. Want Hy, die Here van die tyd, laat Hom nie lei deur die diktatuur van ’n horlosie nie.

Met ’n dodelike siekte word die jong koning op die proef gestel. In opdrag van God deel Jesaja hom mee dat hy gaan sterwe. Soos ’n swaweltjie het hy getjirp, gekir soos ’n duif om gespaar te word. Omdat hy hom beroep het op God se beloftes, kon hy as koning in die lewe bly! Ter versterking van sy geloof kon hy kies of die skadu teen Agas se sonwyser tien trappe moes afsak, of tien trappe moes terugskuif. Om God se belofte te toets, het hy die moeilikste gekies, naamlik dat die skaduwee weer tien trappe moet terugskuif. Uit sy venster kon hy sien hoe God die tyd nie net 15 nie, maar 18 jaar terugskuif.

Miskien voel jy dat hierdie aangrypende gebeure vir jou nie eintlik iets beteken nie, want vir jou is die horlosie nog nie teruggedraai nie. Daar is egter ’n ander gebeurtenis van groot betekenis ook vir jou, naamlik van ook ’n jong koning wat geweet het hy moes sterwe. Maar anders as Hiskia het Hy homself vrywillig aan die dood oorgegee om ons lewe nie met net 18 jaar nie, maar vir ewig te verleng. Om ons geloof te versterk, het God ook aan ons ’n teken gegee, die skadu langs God se sonwyser – die kruis van Golgota!

Sedertdien is daar om Christus wil ook vir jou ’n nuwe begin moontlik. Eenmaal sal God met ons ’n totaal nuwe begin maak, wanneer ons sterwensoomblik die begin sal wees van die nuwe lewe tot in ewigheid!

Sing: Psalm 22:2

Dr DR Fouché (Emeritus)